

Woensdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 30

Fokusgedeelte: Psalm 30:3

Deur beproewings leer ons dikwels hoe afhanklik ons van God is

In vers 7 lees ons van 'n tyd in Dawid se lewe toe dit goed gegaan het, en hy onbesorg was. Ongelukkig het Dawid in daardie tyd van voorspoed vergeet hoe afhanklik hy van God is (vs 7b), en dit kan ook maklik met ons gebeur. As dit nodig is, sal God soms beproewings gebruik om sy kinders weer te laat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, en dit is presies wat God hier doen!

Dawid beskryf sy beproewing in vers 8 as God wat sy aangesig vir hom verberg het, en in vers 3 tot 6 lees ons wat hierdie beproewing was: Dawid het ernstig siek geword, só siek dat hy by die dood omgedraai het! Dit is dán dat Dawid weer besef dit is eintlik GóD wat hom met soveel voorspoed geseën het en wat gekeer het dat hy nie wankel nie (vs 8), en daarom roep hy tot God en pleit vir genesing (vs 3, 9-11). Nou, ná hy genees is, loof Dawid die Here wat hom inderdaad gered het, en hy roep die volk op om saam met Hom die Here te loof! (vs 5).

In vers 6 getuig Dawid ook hoe vinnig God sake kan verander. Baie keer in die nag lyk dinge ook vir ons onmoontlik en baie erger, en dan worstel ons met die Here. Hoe dikwels het dinge nie alreeds die volgende oggend beter gelyk nie? Ja, soms duur beproewings lank, maar ander kere kan God in oomblikke sake verander! Kom ons bely voor God dat ons ook soms vergeet hoe afhanklik ons van God is. Kom ons dank God dat Hy Jesus Christus gestuur het om te betaal vir ons sonde van selfvoldaanheid en hoogmoed. Kom ons vra die Gees om ons te help om steeds meer in afhanklikheid van God te leef.

Sing: Psalm 73-1:12

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)